




2



5



3



4

# Slim tierlantyntjies

*Niemand anders se Kersversierings sal so lyk nie, want ons het hulle spesiaal vir julle uitgedink. Tooi dié jaar die deure, vensters en mure op 'n oorspronklike manier. Alles sal in 'n ommesientjie gemaak kan word (Diagramme op bl.51)*




**1. NUUSKIERIGE ENGEL:** Met 'n bietjie geduld en behendigheid sal dit nie moeilik wees om dié oulike engel, wat so ondeund van buite deur die venster loer, te maak nie. Sy is gemaak van pienk en rooi deurskynende en silwer en goue gompapier (by boekwinkels te koop). Verder het ons gegomde silwer en goue sterretjies, 'n blikkie nagemaakte sneeuvlokkies en drywende kersies gebruik.

Teken die buitelyne van die rok, gesig, vlerke, hare en stralekrans op die onderskeie kleure papier en knip uit. Trek ruglaag van gompapier af en plak die onderdele in posisie buite aan die skoongemaakte venster vas. Om moontlike lugblasies te verwyder, prik hulle met 'n speld. Maak die twee kerse op dieselfde manier (sien foto).

**2. VERSIER 'N DEUR:** Teken 'n deel van 'n Kersboom soos op foto gesien kan word, op 'n vel groen papier. Knip dié vorm (amper soos dié van 'n gekartelde klok) ses keer uit die groen papier. Laat 'n strook van 8 tot 10 cm breed in die middel oop en plak die dele van die boom, drie aan 'n kant op die deur vas (sien foto). Bind 'n groot strik met die een punt van 'n lint wat 3 m lank is en 8 tot 10 cm breed. Plak dié lint nou op die gaping tussen die boomdele met die strik heel bo (sien foto). Versier die lint nou met blink silwer sterretjies.

**3. KERSBOOM OM KOSYN:** Jy het vier papierdriehoeke, elk 35 x 70 cm groot, en een van 120 x 40 cm groot, nodig. Knip dié driehoeke uit groen papier en plak hulle allangs die kosyn en bo-op soos op foto gesien kan word. Versier papierboom deur silwer en goue sterretjies en rooi hartjies oral op die driehoeke te plak.

**4. KERSVADER:** Hierdie yslike Kersvader kan die tradisionele Kersboom vervang. Die klein geskenkies kan aan sy „sak" vasgeheg word en die grotes kan aan sy voete, op die vloer geplaas word.

Teken die Kersvader en sy sak eers op dik karton of kartonplank (Masonite). Kleur die tekening met spuitverf of olieverf in en saag (of knip) die tekening dan uit. Die kleure wat gebruik moet word, is rooi, wit, swart en pienk.

BLAAI OM

# Slim tierlantyntjies

VAN BLADSY 45

Kap 'n paar spykertjies in die „sak" en werk gordynringe aan die klein geskenkies vas (ons het sakkies gemaak om die geskenkies in te sit) en hang die gordynringe aan die spykertjies op. Indien jy dik karton vir die Kersvader gebruik het, sal duimspykers beter werk.

**5. GESKENKMALLEMEULE:** 'n Besonder oorspronklike idee vir 'n klein familie se geskenke of 'n ekstra versiering waar dit ook al nodig mag wees. Koop 'n goedkoop lampskerm en trek die oortreksel af sodat net die raamwerk oorbly. Draai silwer engelhaar om die kaal drade en bind dit stewig vas. Versier die mallemeule met rooi linte en strikke. Bind ook baie smal silwer linte aan die raamwerk vas en bind hieraan mooi Kersboomversierings en klein geskenkpakkies vas (sien foto).

## KERSBOOMVERSIERSELS

**BENODIGDHEDE:** *'n Paar gram Twilley's Lyscot Nr. 8 (150-g-bolle); 'n paar gram Twilleys 20 Goldfingering (20-g-tolletjies); hekelpenne van 1 mm en 1,25 mm.*

**AFKORTINGS:** *ks - kettingsteek; kb - kortbeen; lb - langbeen; hlb - halflangbeen; dsl - dubbelslagsteek; driesl - drieslagsteek; viersl - vierslagsteek; herh - herhaal; vlg - volgende; osk - oop skulp (= uiteengesit waar nodig)*

### ENGELTJIE NR. 1

**SPESIALE AFKORTING:** osk beteken (1dsl, 2ks, 1dsl) in hierdie patroontjie.

**KOP:** Begin met 5ks, gs om 'n ring te vorm.
**1e rondte:** 12kb in ring.
**2e rondte:** 1kb in kb, 2kb in vlg kb — 18kb.
**3e rondte:** 1kb in kb, 2kb in vlg kb — 27kb.
**4e, 5e en 6e rondte:** kb in kb.
**7e rondte:** *1kb in elk van vlg 2kb, slaan 1kb oor; herh van * tot einde.
**8e rondte:** 1kb in elke kb.
**9e en 10e rondte:** Soos 7e en 8e rondte.
**11e** rondte: Soos 7e rondte, maar moenie die garing afknip nie; daar is nou 10kb in rondte. Stop eers die kop met klein wattepluisies op tot dit 'n ferm bolletjie is, en hekel dan voort soos volg:

**ROMP: 12e rondte:** 1kb in elke kb tot einde — 10kb.
**13e rondte:** 1lb in lb, 2lb in vlg lb — 15lb.
**14e rondte:** 2lb in elke lb — 30lb.
**15e rondte:** 1lb in elke lb rondom.
**16e rondte:** Soos 13e rondte.
**17e rondte:** lb in lb rondom. Slaan oor na gouddraad en hekelpen van 1,25 mm, maar moenie wit garing afknip nie.
**18e ry:** (osk in 1e st, slaan 2 ste oor) tot einde.
**19e, 20e en 21e ry:** osk in osk tot einde.
**Onderste rand:** 1kb in osk, 5ks tot einde; sluit met gs in 1e kb.
Knip garing af en werk netjies af.

**KROONTJIE:** Hekel 26ks met gouddraad en 1,25-mm-hekelpen.
Begin met 1kb in 3e ks vanaf hekelpen, 1kb in elke vlg ks tot einde, draai: (3ks, slaan 1 st oor, 1kb in vlg st) 4 keer, (5ks, slaan 1 st



**VIR DIE KINDERS**
**Vir jou dogter: 'n Pink Panther**, pienk beertjie, 'n xilofoon, telraam, naaimasjien wat met 'n slinger werk, 'n smuktassie, 'n pienk handsakkie, sonbril, horlosie en teestelletjie.



**VIR DIE KROEG**
Sierlike pienk, rooi en swart kroeggereedskap is voortreflike geskenke vir mans. Stel net vas wat by sy kroeg pas en dan kan jy kies uit waterbekers, wynkoelhouers, yshouers, glase, glasmatjies, gekartelde plastiekstrooitjies, skemerkelkmengers, 'n dranktermometer, botteloopmakers, neutekrakers, ystangetjies, strooitjies en ysblokkies, versier met pienk olifantjies — daar is dus ook sommer iets vir elke beursie! Alles verkrygbaar by CONCEPT.




VIR DIE VROU

Lekkerruik- en mooimaakgeskenke sal altyd byval vind by al wat vrou is. Parfuums en lyfpoeier is in die fraaiste verpakkings beskikbaar by die ESTEE LAUDER-toonbanke. Van KEMTRADE 'n groot verskeidenheid van geskenke wat byna almal se sak sal pas — geparfumeerde kerse, lyfpoeiers en die pragtigste sepies.

oor, 1kb in vlg st) 3 keer, (3ks, slaan 1 st oor, 1kb in vlg st) tot einde.

Werk kroontjie aan kop vas en werk agternaat toe.

**VLERKE:** Met wit en 1-mm-hekelpen hekel 7ks, 1dsl in 5e ks vanaf hekelpen, 1dsl in vlg ks, (2dsl, 4ks, 2dsl) in laaste ks aan eerste kant, draai werk half om en hekel voort met 1dsl in vlg ks, 2dsl in dieselfde st as eerste 2 dsl.

**2e ry:** Draai met 4ks, (1lb, 1ks, 1lb) in dieselfde st, (1ks, 1lb in dsl) 3 keer, 1ks, (1lb, 1ks, 1lb) in laaste dsl — 8lb.

**3e ry:** Draai met 4ks, [(1lb, 1ks) in vlg 2 sps, 1lb in lb, 1ks ] 3 keer, 1ks, 1lb in draai-ks — 11lb.

**4e ry:** 4ks, draai, (1lb in sp, 1ks) 10 keer, 1lb in dieselfde sp.

**5e ry:** 2ks, draai; (slaan 1lb oor, 7dsl in agterste lus van vlg lb, slaan 1lb oor, 1kb in vlg lb) 2 keer, 4ks, gs in 2e lb. Knip garing af en heg dit dan aan 4e ks van 1e begin-lb vas.

Voltooi tweede vlerk soos uiteengesit vanaf 2e ry van eerste vlerk.

Knip wit garing af en heg gouddraad vas; hekel 1kb in elke kb, 2kb in elke lb, 4lb in elke 4ks-sp, 3kb in 3ks-sp aan sykant en knip garing af.

## ENGELTJIE NR. 2

Kroontjie en vlerke word soos eerste engeltjie s'n gehekel en word nie uiteengesit nie.

**KOP EN ROMP:** Soos eerste engeltjie tot einde van 17e rondte van romp.

**18e rondte:** Slaan oor na gouddraad; (1lb, 2ks, 1lb) in dieselfde st, slaan 2 ste oor.

Trek aan einde van rondte die wit draad deur; (1lb, 2ks, 1lb) in verbinding tussen 2lb.

Slaan oor na wit en hekel (1lb in sp, 1ks, 1lb tussen lb, 1ks) tot einde.

Slaan oor na gouddraad en hekel 3ks, 1kb in sp, tot einde.

Slaan oor na wit en hekel 2 rye van: 1lb in sp, 1ks.

Slaan oor na gouddraad en hekel 'n laaste ry van 3ks, 1kb in sp.

Knip garing af en heg netjies af.

Knip wit af, hekel met gouddraad nog 1 rondte 3ks, 1lb in sp; herh tot einde van rondte, knip garing af en werk netjies af.

## STER NR. 1

Begin met 10ks en hekelpen van 1 mm.

**Beginrondte:** Met 1-mm-hekelpen, 10ks, gs om ring te vorm.

**1e rondte:** (1kb in ring 13ks) 9 keer, 6ks, 1 viersl in ring, eindig dus in middel van laaste 13-ks-lus.

**2e rondte:** (1kb in middelste ks van lus, 7ks) 10 keer, sluit-gs.

**3e rondte:** 11kb in elke 7ks-sp, hekel aan einde van rondte 13ks, gs om 'n lus te vorm en knip garing af.

Heg gouddraad vas, gebruik 1,25-mm-hekelpen, *(1kb tussen 2kb in ring, 2ks) 10 keer; knip garing af en werk netjies af.

## STER NR. 2

In hierdie patroon beteken osk (1dsl, 4ks, 1dsl).

**Beginrondte:** 10ks, gs om 'n ring te vorm.

**1e rondte:** 4ks, 23lb in ring — 24lb.

**2e rondte:** 3ks, (slaan 1 st oor, 1dsl in vlg st, 3ks, 4lb in pas gemaakte dsl) 11 keer, eindig laaste herh met 1lb in 2e van 4ks, 3ks, 3lb in pas gemaakte lb, gs tot 4e van 4ks, gs voort tot punt van ster.

**3e rondte:** (1osk in punt van ster, 5ks) 12 keer, gs tot punt van 1e dsl.

Knip wit garing af en heg gouddraad vas. Hekel met 1,25-mm-pen 5kb in 4ks-sp en 7kb in 5ks-sp tot laaste sp; eindig met 2kb, 13ks, 2kb.

Knip garing af en werk netjies af.

## SNEEUVLOKKE

**EERSTE SNEEUVLOK: BENODIGDHEDE:** *Twilley's Lyscot Nr. 8 (150-g-bolle); hekelpen van 1mm.*

**MATE:** *Elke motief is ongeveer 7,5 cm breed van punt tot punt.*

**AFKORTINGS:** *ks - kettingsteek; kb - kortbeen; lb - langbeen; hlb - halflangbeen; gs - glipsteek; p(s) - picot (picots) (= 3ks, gs in 1e van 3ks); herh - herhaal; st(e) - steek (steke); tes - tesame; dsl - dubbelslagsteek; sp(s) - spasie (spasies); vlg - volgende; beg - begin; tr(s) - trossie (trossies).*

**AANWYSINGS: Beginrondte:** 10ks, gs om 'n ring te vorm.

**1e rondte:** 30lb in ring.

**2e rondte:** * 1kb in elk van vlg 3lb, 10ks, gs in 7e ks vanaf hekelpen, (8ks, gs in 7e ks vanaf hekelpen) 6 keer (7 picots gevorm), gs in 3e van 10ks, 3ks, slaan 2 ste oor; herh vanaf * nog 5 keer, verbind met gs en knip garing af; werk netjies af.

Hekel vir elke vlg sneeuvlok 5 ps in plaas van 7 ps, en verbind die 2 sneeuvlokke by 'n picot.

**TWEEDE SNEEUVLOK: BENODIGDHEDE EN AFKORTINGS:** *Soos eerste sneeuvlok.*

**MATE:** *Elke sneeuvlok is ongeveer 10 cm in deursnee.*

NA BLADSY 51


# Slim tierlantyntjies

VAN BLADSY 47

**AANWYSINGS: Beginrondte:** 7ks, sluit met gs om 'n ring te vorm.
**1e rondte:** 12kb in ring.
**2e rondte:** (1lb, 1ks) in elke kb rondom.
**3e rondte:** 1lb in lb, 2lb in 1ks-sp; herh rondom — 36lb.
**4e rondte:** (1kb, 5ks, slaan 1 st oor) 17 keer, eindig met 2ks, 1lb in 1e kb, dus, eindig in middel van laaste spasie.
**5e rondte:** (1kb in sp, 6ks) 17 keer, eindig met 3ks, 1lb in 1e ks.
**6e rondte:** * 1kb in sp, (5ks, 3dsl-tr in vlg sp) 3 keer — 3 blomblare gevorm — 1kb in vlg sp, 3ks; herh van * rondom.
**7e rondte:** * [ (1kb, 1hlb, 5lb, 1hlb, 1kb) in 5ks-sp) ] 3 keer; (1kb, 1hlb, 1lb, 1hlb, 1kb) in 3ks-sp; herh vanaf * nog 5 keer en heg af.
Indien verkies, kan die laaste rondte met goud- of silwer draad gehekel word.


**DERDE SNEEUVLOK: BENODIGDHEDE EN AFKORTINGS:** Soos eerste sneeuvlok.
**MATE:** *Elke sneeuvlok is ongeveer 9,5 cm in deursnee.*

**AANWYSINGS: Beginrondte:** 8ks, sluit met gs om ring te vorm.
**1e rondte:** (3dsl, 3ks in ring) 5 keer.
**2e rondte:** *[ (1dsl, 1ks, 1dsl, 1ks) in vlg lb) ] 2 keer, 1dsl in daaropvlg lb, 2ks; herh vanaf * nog 4 keer.
**3e rondte:** (1dsl, 2ks, 1dsl) in elke 1ks-sp, slaan die 2ks-sps oor — 20 sps.
**4e rondte:** * gs tot in 1e sp, 3ks, 4lb in dieselfde sp, 5lb in daaropvlg sp, 4lb in 3e sp, 3ks, gs in dieselfde sp, 1kb tussen 2dsl, 3kb in vlg sp, 1kb tussen 2dsl; herh vanaf * nog 4 keer.
**5e rondte:** gs oor die 3 begin-ks tot bopunt van 1e lb, *(4dsl-tr bo-op 5lb, 3ks, 1dsl tussen die stelle opeenvlg lb, 3ks) 2 keer, 4dsl-tr bo-op 5lb, 9ks; herh vanaf * nog 4 keer.
**6e rondte:** * gs tot in sp, 6ks, (3driesl-tr in 3ks-sp, 6ks-picot) 3 keer, 3driesl-tr in vlg 3ks-sp, 6ks, gs in dieselfde sp, 3kb in 7ks-sp, (1p, 3kb, in 7ks-sp) 3 keer; herh vanaf * nog 4 keer, knip garing af en werk netjies af.




**VIERDE SNEEUVLOK: BENODIGDHEDE EN AFKORTINGS:** Soos eerste sneeuvlok.
**MATE:** *Elke sneeuvlok is ongeveer 12 cm in deursnee (van punt tot punt).*

**AANWYSINGS: Beginrondte:** 10ks, sluit met gs om ring te vorm.




NA BLADSY 95







# Die kospak-smaakwekker

## met Crosse & Blackwell se pikante Sandwich Spread

**Sandwich Spread is voedsame groentes wat smaaklik vermeng is. Dik en romerig maar astrant genoeg om smaak in die kospak los te maak. En so alsydig — gebruik dit as 'n smeer op toebroodjies, 'n geurbasis vir doopsouse en southappies of selfs as tartaresous saam met vis.**

CROSSE & BLACKWELL **Immervars met nuwe wenke.**

BARKER, McCORMAC 1262/A

# Slim tierlantyntjies

VAN BLADSY 51

**1e rondte:** (1dsl, 1ks) 24 keer, in ring.
**2e rondte:** 2kb in elke 1ks-sp.
**3e rondte:** (1kb, 9ks, slaan 5 ste oor) 7 keer, 4ks, 1driesl in 1e kb — 8 sps gevorm.
**Vanaf 4e rondte:** Voltooi een punt op 'n slag; 7ks, 1lb in 1e van 7ks, * 15ks, 1lb in 7e ks vanaf hekelpen (2ks, slaan 2 ste oor, 1lb in 3e st) 3 keer, 1lb in 1e van 7begin-ks, 2ks, 1dsl in dieselfde st, draai en hekel terug oor die pas gevormde „leer" soos volg: (2ks, 1lb in lb) 3 keer, (2ks, 1lb in draai-sp) 5 keer, (2ks, 1lb in lb) 3 keer, 2ks, gs tot bopunt van 3e van 7 begin-ks, en draai weer: (1kb, 3ks, 2kb in sp) 12 keer; 3ks om met vlg punt te verbind.
**Begin 2e punt:** 1dsl in 5e ks van 9ks-sp, 2ks, 1lb in dieselfde st; herh vanaf * rondom.
Herh van * tot * tot 8 punte voltooi is, 3ks, gs tot vlg punt en knip garing af. Werk netjies af.

**VYFDE SNEEUVLOK: BENODIGDHEDE EN AFKORTINGS:** *Soos eerste sneeuvlok.*
**MATE:** *Elke sneeuvlok is ongeveer 12 cm in deursnee van punt tot punt.*

**AANWYSINGS: Beginrondte:** 12ks, sluit met gs om 'n ring te vorm.
**1e rondte:** 36 driesl in ring gs.
**2e rondte:** * 9ks, slaan 1st oor, 1kb in vlg st; herh van * rondom, sluit met gs in 1e st.
**3e rondte:** * 1lb in kb, 9ks, (1driesl in vlg kb, 9ks) 2 keer; herh vanaf * rondom, sluit met gs in 3e van 12 begin-ks.
**4e rondte:** 1kb, * 15ks, gs in 6e ks vanaf hekelpen, 4ks, 1driesl in driesl, 12ks, gs in 6e ks vanaf hekelpen, 6ks, 1driesl in vlg driesl, 10ks, gs in 6e ks vanaf hekelpen, 9ks, 1kb in lb; herh vanaf * nog 5 keer, knip garing af en werk netjies af.

**SESDE SNEEUVLOK: BENODIGDHEDE EN AFKORTINGS:** *Soos eerste sneeuvlok.*
**MATE:** *Elke klein sneeuvlok is ongeveer 8,5 cm in deursnee van punt tot punt en elke groot sneeuvlok 10,5 cm.*

**KLEIN SNEEUVLOK: Beginrondte:** 8ks, sluit met gs om 'n ring te vorm.
**1e rondte:** 15lb in ring.
**2e rondte:** (5ks, slaan 2lb oor, 1kb in vlg lb) 5 keer, 2ks, 1dsl in 1e kb (om in middel van laaste spasie te eindig).
**3e rondte:** (4dsl in 5ks-sp, 11ks) 6 keer.
**4e rondte:** gs oor eerste 4dsl; (10lb, 5ks, 10lb) in elke lus.
Knip garing af en werk netjies af.

**GROOT SNEEUVLOK: 1e en 2e rondte:** Soos 1e en 2e rondte van klein sneeuvlok.
**3e rondte:** (4driesl in 5ks-sp, 15ks) 6 keer.
**4e rondte:** gs oor eerste 4driesl tot in lus, (12lb, 7ks, 12lb) in elke lus.
Knip garing af en werk netjies af.

**SEWENDE SNEEUVLOK: BENODIGDHEDE EN AFKORTINGS:** *Soos eerste sneeuvlok.*
**MATE:** *Elke sneeuvlok is ongeveer 14 cm in deursnee van punt tot punt.*

**AANWYSINGS: Beginrondte:** 10ks, sluit met gs om 'n ring te vorm.
**1e rondte:** 18kb in ring, sluit met gs.
**2e rondte:** (1kb, 5ks, slaan 2ste oor) 6 keer.
Moenie die rondte met 'n glipsteek afsluit nie, hekel voort in aaneenlopende rondtes.
**3e rondte:** (1kb in kb, 1kb in sp, 5ks, 1kb in dieselfde sp) 6 keer.
**4e rondte:** (1kb in elke kb, 1kb in sp, 3ks, 1kb in dieselfde sp) 6 keer.
**5e, 6e en 7e rondte:** Soos 4e rondte met telkens meer kb in elke punt.
**8e rondte:** (1kb in elke kb, 1kb in sp, 3ks, 1kb in dieselfde sp) 6 keer — daar is nou 13kb in elke punt.
**9e rondte:** (slaan 1e kb oor, 1kb in elk van vlg 11kb, 3ks, 1kb in 3ks-sp, 3ks); hekel so voort tot einde van 14e rondte, met telkens 2 kb minder in elke punt.
**15e rondte:** kb in kb, * (7ks, slaan 1sp oor, 1kb in vlg sp) 3 keer, 7ks, 1kb in kb; herh van * rondom, eindig met 3ks i.p.v. 7ks, 1dsl in begin-kb, om in middel van laaste spasie te eindig.
**16e rondte:** 1kb in dieselfde sp, (9ks, 1kb in vlg sp) rondom.
**17e rondte:** (6kb, 3ks, 6kb) in elke 9ks-sp; tot einde.
Knip garing af en werk netjies af.

**AGTSTE SNEEUVLOK: BENODIGDHEDE EN AFKORTINGS:** *Soos eerste sneeuvlok.*
**Let wel:** *In hierdie patroon is 'n osk (= oop skulp) gelyk aan (2dsl, 2ks, 2dsl) in dieselfde steek of spasie.*
**MATE:** *Elke sneeuvlok is ongeveer 11 cm in deursnee tussen twee punte.*

**AANWYSINGS: Beginrondte:** 8ks, sluit met gs om 'n ring te vorm.
**1e rondte:** (1lb, 3ks) 6 keer in ring.
**2e rondte:** (1kb, 1hlb, 3 lb, 1hlb, 1kb) in elke 3ks-sp.
**3e rondte:** (1kb in lb van 1e rondte, 5ks) 6 keer.
**4e rondte:** (1kb, 1hlb, 1lb, 5dsl, 1lb, 1hlb, 1kb) in elke 5ks-sp rondom.
**5e rondte:** (1kb tussen 2kb, 7ks, 1osk in agterste lus van 3e dsl, 5ks) 6 keer.
**6e rondte:** (1kb in kb, 10ks, 1osk in 2ks-sp, 10ks) 6 keer.
**7e rondte:** 1kb in kb, 13ks, (2dsl, 6ks, gs in 2e ks, 2ks, 2dsl) in 2ks-sp, 13ks; herh vanaf begin 6 keer.
Knip garing af en werk netjies af.

**NEGENDE SNEEUVLOK: BENODIGDHEDE EN AFKORTINGS:** *Soos eerste sneeuvlok:*
**MATE:** *Elke sneeuvlok is 11 cm in deursnee van punt tot punt.*

**AANWYSINGS: Beginrondte:** 8ks, sluit met gs om 'n ring te vorm.
**1e rondte:** 20lb in ring.
**2e rondte:** (1lb, 4ks, slaan 1st oor) 10 keer — 10sps. Hekel nou een speek in elke spasie soos volg:
**3e rondte:** * 1kb in sp, 13ks, 2lb in 3e ks vanaf hekelpen, (1lb in vlg ks, 2lb in vlg ks) 2 keer, 1lb in elk van vlg 6ks, 1kb in dieselfde sp; herh vanaf * 10 keer altesaam. Knip garing af en heg dit aan bopunt van 1e speek vas.
**4e rondte:** * 5ks, slaan 1 st oor, 1lb in vlg st, (2ks, slaan 1 st oor, 1lb in vlg st) 2 keer — dus 3sps gevorm — gs tot 11e ks van vlg speek, 2ks, gs tot bopunt van 1e lb; herh vanaf * rondom.
**5e rondte:** 5ks, * (1lb, 5ks, 1lb) in 3e van 5ks van 4e rondte, (2ks, 1lb in lb) 2 keer, 1lb in bopunt van 1e lb van vlg speek, 2ks; herh vanaf * rondom, laat in laaste herh die laaste 2ks weg en gs tot 3e van 5 begin-ks.
**6e rondte:** 3kb in 2ks-sps, (3kb, 3ks, 3kb) in die 5ks-sps; herh rondom. Knip garing af en heg netjies af. ●


Verbeter jou buustelyn

Nou, danksy die opwindende ontwikkeling van Mara-Lynne Buusteroom, is daar 'n nuwe manier om jou buuste ferm te maak en te verbeter.
Mara-Lynne buusteroom is wetenskaplik geformuleer om jou te help om die vol en welgeskape buuste wat jy nog altyd wou hê, te kry. Gebruik dit en volg ons noukeurig uiteengesette oefenprogram en sien watter pragtige verskil Mara-Lynne aan jou lewe maak.
Mara-Lynne Buusteroom. By alle apteke - landwyd.

Mara-Lynne
BUUSTEROOM
Handelsnavra: Kemtrade, Posbus 244, Bergvlei 2012. Tel (011) 786-2664



MUNDELS 11261